**Woensdag Brief 29 Julie 2020**

Gegroet vanuit die pastorie...

Die ou wysheid basuin uit dat jy jouself moet uitleef in wat jy doen óf anders iets anders kry om te doen. Daar is geen glyskaal tussen die twee pole nie. Die lewe is eenvoudig te kort as jy terugkyk en te lank as jy vooruit kyk om ontevrede te wees met jou nou-moment. Jy kan nie die verkeerde pool blinkvryf in geluksaligheid nie, maar by die regte pool kan jy baie uitdagings aanpak. Tog kan mens baie suksesvol wees by die verkeerde pool, maar nooit suksesvol en gelukkig gelyktydig nie. Die anderkant óm is aakliger: Om onsuksesvol te wees by die regte pool en daarom ook ongelukkig. Laasgenoemde is waar baie mense in die wêreld vasgemessel is. Die rede vir die aakligheid is dat jy dan 'n lewensdief geword het. Dit word verklaar as om nie die verantwoordelikheid vir jou eie lewe op te neem nie. Ek was al daar en meeste van julle miskien ook.

Elke mens is eintlik wat hy is deur die wisselwerking tussen bewussynlikheid en persoonlikheid. Dit is heelwat meer ingewikkelder as wat dit klink: Persoonlikheid is min of meer jou ego en super-belangrik want daarsonder het jy geen selfbesef nie. Bewussynlikheid is die moeiliker een want dit behels die verstrengeling tussen jou gedagtes en jou Skepper se gedagtes. Jou gedagtes alleen moet die dinkwerk doen, maar die Gedagtes van God gee die krag om suksesvol te wees. Die moeilikheid is dat jy

nie suksesvol kan wees sonder om dit deur te dink nie en ook nie sonder die inspraak van God se Gees nie. Die groter moeilikheid is dat jou ego, die fondasie van jou persoonlikheid, altyd eerder wil kies vir jou eie gedagtes as God se gedagtes.

Hierdie aspekte word op vele maniere verduidelik: Verskillende gelowe verduidelik dit in hulle eie godsdiens, sielkundiges verduidelik dit volgens die model wat hulle navolg, sosioloë verduidelik dit i.t.v. die interaksie tussen mense. Ongelowige mense kan dus baie suksesvol en gelukkig wees net soos gelowige mense onsuksesvol en ongelukkig kan wees. In die skepping is hierdie beginsels as drifte ingebou en dit geld of jy bv. Christen, Moslem of ateïs is. Godsdiens waarborg nie gelukkigheid en sukses nie. Hierdie beginsel van interaksie en wisselwerking tussen ego en Gees is deel van die skepping soos die fisiese wetmatighede wat die universum omvou.

Hierdie grondbeginsels se rimpelings is wyd lopend. Wat presies word dus bedoel met gehoorsaamheid? Is dit om toe te gee aan die Gees van God se insprake? Is daar ’n hellerige plek waar die ongehoorsames op-eindig? Kan ’n suksesvolle en gelukkige Boeddhis hemel toe gaan? Is die kerk jou metaforiese moeder, of is dit eerder God se gedagtes wat die rol vervul? Elke antwoord vir dié vrae is ’n dilemma en paradoksaal vanuit ons tradisionele oortuigings. Die beste antwoord wat ek ken is om almal te beskou as kinders van God en die res oor te laat vir die Here self.

Tog is daar waardevolle lesse te leer vanuit hierdie alledaagse menslike verwringings: ’n Gelukkige en suksesvolle persoon word gekenmerk deurdat hy of sy in oorgawe en volkome lewe, nooit oordeel nie, eerder doen as om te praat, die vrug vertoon van opbou en liefde hoër ag as egoïsme. Ek ken ’n hele klomp mense wat ek vermoed so lewe en strewe ook om so te lewe, maar ek ken net een persoon wat ek weet volkome so was – Jesus natuurlik. En daarom is ek bitter bly elke keer as ek die gedagtes van God wat in my bewussyn versink kan registreer en natuurlik ook hartseer as ek te bang is om dit te waag. En God se gedagtes vra min or meer altyd om dit te waag.

Mooiloop tot volgende keer.

Ds. Jan B